



Agtergrond van die Gelofte en die Slag van Bloedrivier

In Februarie 1838 was die situasie van die Voortrekkers in die destydse Natal, opsoek na 'n eie vaderland en vryheid, desperaat. Pas is hul leier Piet Retief en sy 70 man en 30 agterryers op 6 Februarie verraderlik deur Dingaan en sy Zoeloes vermoor in *Umgungundlovu*. Dit is binne 36 uur opgevolg deur die Zoeloe-impie-aanslag op die niksvermoedende Voortrekkerlaers te Bloukrans en Weenen en waarin 185 kinders, 41 mans, 56 vroue en 250 bediendes wreed omgekome het. Hierop het 'n aantal rampspoedige terugvegopgongs van die Voortrekkers gevolg, gekenmerk deur tweespalt in leiersgeledere.

Dit is teen die agtergrond van hierdie haglike situasie dat die oorblywende Voortrekkers 'n boodskap gestuur het na Andries Pretorius in die Oos-Kaap om leiding te kom gee. Toe Pretorius hom in November 1838 by die Voortrekkers in Natal aangesluit het, het hy aanvanklik gesê dat hy nie outomaties die leier van die Voortrekkers gaan wees nie, maar dat tussen hom en drie ander kandidate in afhanklike gebed tot God die lot gewerp moet word.

Die lot het uitgekome op Pretorius en hy het onmiddellik die weerbare manne en 'n klompie swart agterryers gekonsolideer en gemobiliseer in 'n parate weermag van 400 plus, bekend as die Wenkommando. Daarby het hy die vroue en kinders afsonderlik in 'n laer van hul eie georganiseer onder behoorlike beskerming.

Intussen was dit duidelik dat 'n kop-aan-kop botsing met die geoefende en georganiseerde Zoeloemag van meer as 14 000 krygers onafwendbaar was. Pretorius het besluit op pro-aktiewe optrede en het met die Wenkommando en hul waens en perderuiters begin beweeg in die rigting van die Zoeloekrygsmag. Opmerklik van die benadering van Pretorius in hierdie opsig was dat terwyl sy verkenners hom op hoogte gestel het van die bewegings van die Zoeloemag, hy nie een keer 'n vredesvoorstel uitgestuur het nie, maar het trouens per gevange Zoelooverspieders vir Dingaan geboodskap dat die kommando oppad is.

Ook in hierdie tyd het Andries Pretorius aan Sarel Cilliers, wat as geestelike leier in die kommando opgetree het, voorgestel dat die kommando 'n gelofte aan God maak dat as Hy hulle die oorwinning sou

gee, hulle Hom die eer daarvoor sou gee, dat hulle 'n bedeling sou skep wat Hom behaaglik is en dat hulle die nageslag ook daaraan sal verbind. Die gelofte is deur Pretorius en sy kommando afgelê elke aand vanaf 9 Desember tot en met 15 Desember 1838, op die vooraand van die gedenkwaardige Slag van Bloedrivier op Sondag 16 Desember.

Pretorius en sy kommando het as die verwagte gevegsterrein besluit op 'n plek op die oewer van die Ncomerivier tussen 'n seekoeigat en 'n diep donga en hul veglaer met 64 ossewaens opgestel, met doringtakke stewig ingebind tussen die waens in 'n hoefvormige halfmaan getrek. Die osse en perde is binne die laer beveilig en versorg. Hulle het ook oor twee kanonne beskik genaamd Grietjie en Weeskind.

Wat op 16 Desember 1838 gebeur het, is welbekend: Vanaf vroegoggend en deur die dag is die Zoeloemag vernietigend verslaan, met 'n reeks wonderwerke wat deur die verloop van die slag plaasgevind het. Uiteindelik het meer as 3 000 Zoeloe-krygers gesneuwel, terwyl daar aan Voortrekkerkant geen ongevalle was nie en slegs drie liggewondes. Die oorblywende gedemoraliseerde Zoeloemag het iets gedoen wat hulle nog nooit gedoen het nie en dit was om hals-oor-kop op die vlug te slaan.

Die wonderwerke wat tydens die Slag van Bloedrivier plaasgevind het, kan soos volg opgesom word:

- Die besonder strategiese ligging van die laer tussen die rivier en die donga.
- Dat die mis die nag van 15/16 Desember so dig was dat 'n nagaanval deur die Zoeloemag onmoontlik was.
- Dat die sweepstokke met lanterns wat die Voortrekkers die nag opgestel het, die bygelowige Zoeloes vir 'n nagaanval verder afgeskrik het.
- Dat met dagbreek op 16 Desember die mis wonderbaarlik in 'n helder sonskyndag opgeklare het en dat die buskruit van die voorlaaiers droog kon bly.
- Dat met die lompe voorlaaiers die opeenvolgende golwende aanvalle van die geoefende en assegaaibewapende Zoeloe-krygers gestuit kon word.
- Dat tydens die slag die verskillende Zoeloeregimente, bestaande uit basies

Rooi-, Swart- en Witskilde, hulself nie behoorlik kon koördineer nie en ongeordend aanvalle geloods het en selfs op stadia inmekaar vasgehardloop het.

- Dat die 1 300 stuks osse en perde in die laer die hele tyd rustig gebly het.
- Dat nat potklei die bewegings van die aanvallers belemmer het.
- Dat die kanonskoot op die bevelstruktuur van die Zoeloemag 3 km ver tot daar kon trek en hulle 'n nekslag toegedien het.
- Tydens die slag is by enkele geleenthede 'n veghek van die laer oopgemaak vir 'n bereide afdeling Voortrekkers om die Zoeloes aan te val en uit te tart. Van die Zoeloes tydens die slag het in later jare vertel dat hulle gesien het dat dit 'n tydjie neem om die hek weer toe te maak en dat hulle gevolglik gestorm het om die laer deur die halfhoop hek binne te dring. Hulle het egter in hul spore vasgesteek en gevlug toe hulle, volgens hul latere vertelling, "in die lug 'n aantal ruiters op wit perde sien aangejaag kom".

Die Slag van Bloedrivier was dus niks minder as een groot wonderwerk uit die hand van God nie!

Ná die slag het die Wenkommando aanbeweeg na *Umgungundlovu*, waar hulle gevind het dat ook Dingaan met sy onderdane die hasepad gekies het. Daarop het hulle die stat aan die brand gestee, die beendere van Piet Retief en sy manne op Moordkoppie bymekaar gemaak en dit begrawe. Dingaan is later deur sy halfbroer vermoor, terwyl die Voortrekkers die Gelofte gestand gedoen het en hul eie republiek gestig het, hoewel dit later sou blyk kortstondig te wees. Die verdere geskiedenis en in watter mate die Gelofte nagekom is en nie nagekom is nie, is egter 'n verhaal van sy eie.

Feit is die Gelofte en die Slag van Bloedrivier het 'n beslissende en deurslaggewende invloed gehad op die latere geskiedenis van nie net die ganse Suid-Afrika nie, maar ook van die sub-kontinent en selfs wyer. In hierdie proses het God self die loot in Suid-Afrikaanse bodem geplant waaruit die Afrikanervolk gegroei het en steeds groei en daarom aan Hom al die lof en eer.

Die Gelofte: Bewoording

Die bewoording van die Gelofte van Bloedrivier, in Desember 1838 deur die Voortrekkers in Nederlands afgelê is, lui in Afrikaans vertaal soos volg:

Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.

ALBERTON

Alberton Gelofte diens 1

NG Kerk Alberton-Wes, Forestraat 9, Alberton
 16/12: 09:00 Gelofte diens / Koffie en tee
 Kontak: Hermie Visser 084 664 1116 / herminda2801@gmail.com

Alberton Gelofte diens 2

AP Kerk Oos-Rand, kerkgebou, h/v Medlarweg en Bardiastraat, Primrose, Alberton
 16/12: 09:30 Gelofte diens - ds André van den Berg / Feesrede - ds André van den Berg, tema Laat die stem van God, die stem van die volk word
 Kontak: Jannie de Plessis 072 126 6065 / oosrand@apk.co.za

ALEXANDRIA

Karel Landman Geloftefees

Karel Landman Monument te Kolrant, 25 km vanaf Alexandria oppad na PE
 16/12: 09:30 Aankoms en verkope van verversings / Vlaghysing / Gelofte diens / 11:00 Pouse en verversings te koop / 11:40 Feesrede – adv Marius Ackermann / Volkspede / Gelofte voorlesing / FAK-liedere / 12:55 Bedankings / 13:00 Afvuur van kanon / 13:30 Boeresport / 14:00 Bring & braai
 Kontak: Riana Heyneke 082 782 2682 / rheyneke@yahoo.com

ALLDAYS

Alldays Geloftefees

Ross Thomsaal
 14/12: 15:00 Boeresport en braai
 16/12: 09:00 Lees van Gelofte / Gelofte diens – ds Petrus Jansen van Rensburg / 11:00 Gratis middagete
 Kontak: Johan Myburgh 072 126 6336 / cnkby@gmail.com

Vervolg ►►►

Lys van Geloftefeeste (Alfabeties volgens dorpse en stede)



“Want die eer van sy Naam **sal verheerlik word** deur die roem en die eer van die **oorwinning aan Hom** te gee.”

AfriForum herdenk die Gelofte van 16 Desember 1838.

www.afriforum.co.za



Geloftefeeskalender 2025

Mate van nakoming

Sedert 1838 is die Gelofte van Bloedrivier ongelukkig slegs sporadies herdenk, maar desondanks het dit tog by die nasate van die Voortrekkers lewend gebly. Te Pietermaritzburg is 'n kerk gebou, genaamd die Geloftekerk, as letterlik ter nakoming van 'n gedeelte van die Gelofte van Bloedrivier. Die lewensduur van die Republiek van Natalia was vir die Voortrekkers van korte duur en binne vyf jaar is dit in 1843 deur Brittanje geannekseer en beëindig.

Die meeste Voortrekkers het teruggetrek oor die Drakensberge en is hulle dieper die binneland in op soek na alternatiewe eie grondgebied en vryheid. In 1852 is die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) en in 1854 die Vrystaatse Republiek gestig. In 1880 val Brittanje die ZAR binne met die doel om dit te annekseer, maar dieselfde jaar op 13 Desember kom die burgers by Paardekraal, Krugersdorp, bymekaar en verbind hulself d.m.v. 'n gelofte opnuut aan God. Dit lui die Eerste Vryheidsoorlog in, wat die Boere op 27 Februarie 1881 met die Slag van Majuba in hul guns beklink en daarmee die vryheid van die ZAR herwin.

Die vryheid van die twee Boere-republieke het egter tragies en traumaties met die Tweede Vryheidsoorlog oftewel die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 in die stof gebyt. Dit is gevolg deur die gebeurtenisvolle 20ste eeu met o.m. die Rebelle, Eerste Wêreldoorlog, geleidelike staatkundige ontvoogding van Suid-Afrika vanaf Brittanje, die Tweede Wêreldoorlog, herwinning van Afrikaner-politieke mag in 1948, sterk opkoms van die Afrikaner op ekonomiese en maatskaplike terreine en toe die kroon op sukses met die Republiekwording van Suid-Afrika op 31 Mei 1961.

Daarop volg die vyf beste jare in die geskiedenis van Suid-Afrika en van die Afrikaner- of Boerevolk, met ongeëwenaarde prestasies op bykans elke lewensterrein. In die proses het die regering o.l.v. dr. HF Verwoerd die vrymaking van swart volke in Suider-Afrika begin uitrol deur die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Wie sou kan argumenteer met die feite en statistieke dat die voorspoed van hierdie vyf jare tot op datum sonder presedent in die geskiedenis van Suid-Afrika was en is?

Dit het skielik op 6 September 1966 tot 'n negatiewe waterskeiding gekom met die sluipmoord op dr. Verwoerd, met Suid-Afrika wat in die daaropvolgende jare onmiskienbaar in 'n politieke spasma gegaan het en wat uiteindelik uitgeloop het op die verraderlike regeringsoorname in 1994. Die res is geskiedenis tot en met vandag en is dit nie nodig om hier verder daarop in te gaan nie.

Wat wel hier belangrik is, is dat deur dit alles

het die Afrikaner/Boerevolk in meerdere of mindere mate vasgehou aan die Gelofte van Bloedrivier en is tot nou 16 Desember konsekwent as Geloftefeesdag onderhou as 'n openbare vakansiedag en in vele opsigte soos 'n sabbatdag. Op hierdie dag het Geloftefeeste en Geloftedienste dan nog nooit ontbreek nie. Die Gelofte van Bloedrivier loop dus soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die Afrikaner/Boerevolk en ook deur dié van Suid-Afrika.

In 2012 het die koerant Ditsem Nuus begin om jaarliks 'n Geloftefeeskalender saam te stel van Geloftefeeste en -dienste wat op 16 Desember landswyd en selfs in die buiteland gehou word. In die eerste uitgawe is 35 feeste en dienste gelys en sedertdien het die aantal jaarliks stelselmatig gestyg tot die 219 wat in hierdie uitgawe gelys is. Sodoende is 'n tasbare aanduiding verkry van die mate waarin die Gelofte van Bloedrivier vandag nog herdenk en nagekom word. Hoewel die Geloftefeeste en -dienste in die Kalender gelys, nie noodwendig volledig is wat die praktyk betref nie, is dit wat DitsemBlits as besigheidsopvolger van Ditsem Nuus na beste kennis en vermoë op hierdie stadium kan versamel.

Wat noodsaaklik is om uit te wys, is dat die Geloftefeeskalender deur en deur 'n spanpoging is. In hierdie opsig is 'n sleutelsegment diegene wat Geloftefeeste en -dienste reël en toesien dat programme uitgevoer word. Hoewel dit oëlopend is dat hierdie manne en vroue meesal onder groot druk werk om hul persoonlike potte aan die kook te hou, maak hulle tyd en doen moeite om te sorg dat die Gelofteverpligting jeens God-Drieënig nagekom word. Hierdie is sout-van-die-aarde mense, mense wat hul beloning in die hiernamaals verwag.

Die tweede groep rolspelers is natuurlik volksgenote wat Gelofteherdenkings bywoon, diegene wat insgelyks glo dat hulle as nageslag deur hul voorgeslag ingebind is in 'n kontrak met God. Hulle weet ook dat as jy intree onder die Gelofte, tree jy in onder die beskerming van die Allerhoogste. So leer hulle ook hul kinders en so word die beskermende bond oorgedra van geslag tot geslag.

Dan, derdens, diegene wat as medewerkers, borge en ander diensverskaffers help dat die Geloftefeeskalender jaarliks die lig sien, ten einde te dien as saambindende draad vir verskillende Geloftepeëls. Aan hierdie spanlede diepe dank en opregte waardering.

Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer. (Ps. 50: 14-15)

Oproep tot verootmoediging en dan tot aksie

Word met oop oë gekyk na die huidige aanslag teen die Afrikaner-Boerevolk op fisiese, geestelike en ander vlakke, dan is dit duidelik dat dit vandag nie net 'n sigbare militêre bedreiging is nie, maar 'n Nuwe Wêreldorde wat die Bose met sy handlangers in sowel Suid-Afrika as wêreldwyd wil vestig. Dit is 'n geval van sy skole onder beleg, sy grond en eiendom wat geroof wil word, voortgaande moorde op plase en in stedelike gebiede, statutêre rassediskriminasie, 'n vyandige regering, 'n leë staatskas, vervallende infrastruktuur, ens.

Om dit teen te staan en te oorwin, verg bonatuurlike en omvattende vermoë – inderwaarheid wonderwerkende Goddelike ingryping soos destyds by Bloedrivier. Daarom 'n oproep tot die Afrikaner-Boerevolk om daadwerklik te verootmoedig voor

die almagtige God Drie-enig, smekend tot Hom te bid en hulle opnuut te verbind tot die Gelofte van Bloedrivier.

Na die voorbeeld van Andries Pretorius en sy Wenkommando behoort vandag nie net te bly by afhanklike gebed nie, maar op te staan, bymekaar te kom, te sinergiseer, te strategiseer, inisiatief te neem en te doen wat gedoen moet word. Die Boerevolk aanbid 'n almagtige God, Hy het ons al begenadig met wonderlike prestasie en die beste kan nog voorlê.

Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; Nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis. (Jes. 43: 18-19)

Middagete - Steak-ete te koop @ R120 per ete, Wors-ete te koop @ R50 per ete - eie borde en eetgerei / 14:00 Perdesport en De Kuile-handicap / 18:00 Aandete - selfversorgend / 21:30 Fakkelloop / Aandgodsdien / 23:00 Ligte-uit en stilte
14/12: 05:00 Saluutskote / Samesang en koffie / 07:00 Vroeë biduur – past Jansen Nel / 09:00 Feesrede – Jaco Diederiks / 10:00 Teetyd / 11:00 Gelofediens – past Jansen Nel / Uitdeel van Bybels aan babas / Foto van senior burgers / Feesgangers beweeg na monument / Lees van Gelofte / Kranslegging by monument / 13:00 Middagete - selfversorgend / 14:00 Afsluiting – past Jansen Nel / Bedankings / Sluit af met Oorwinningslied
Kontak: Pieter Botes 082 572 9822 / picandal@gmail.com

BEAUFORT-WES

Beaufort-Wes Geloftediens

NG Gamka-Oos kerkgebou
16/12: 09:00 Gesamentlike Geloftediens - ds Albertus van Zyl
Kontak: Evelyn Rust 023 414 2867 / gamkaos@telkomsa.net

BELFAST

Belfast Geloftefees

Geloftefeesterrein buite Belfast op Dullstroompad
16/12: 09:30 Perdekommando arriveer / 09:50 Kranslegging / 10:00 Geloftediens / Saamkuier – bring eie picknickmandjie
Kontak: Desmarie Coetsee 082 495 7358 / desmariecoe@gmail.com

BELLVILLE

Durbanville Geloftefees

Evangelië Gereformeerde Kerk Tygerberg, kerkgebou, h/v Deodarstraat & Uys Krige Rylaan, Loevenstein, Bellville
16/12: 08:45 Voorsang / 09:00 Geloftediens – dr Chris Saayman / Ligte versersings
Kontak: Dries Bester 072 430 4340 / driesb3@gmail.com

BENONI

Benoni Geloftediens

APK Benoni kerkgebou, Stokroosstraat 54, Northmead, Benoni
16/12: 08:00 Geloftediens - ds Chris Denyschen
Kontak: Trudy de Koning 074 897 3155 / benoni@apk.co.za

BETHLEHEM

Bethlehem Geloftefees

Geloftefeesterrein oorkant lughawe op Preekstoelpad
16/12: 08:45 Samesang / 09:00 Verwelkoming / Vlagseremonie / Lees van Gelofte / Geloftediens - ds Philip Horn / Kollekte / Verkiesing van Geloftekomitee / Bedankings / 10:00 Afsluiting sing van Onse Vader / 12:00 Vleisbraai vir bejaardes, gemeenskaplede kan meedoen met bring & braai
Kontak: Danie Eichstädt 082 336 2353 /

danieeic@absamail.co.za

Bethlehem Volkskansel Geloftediens

Volkskansel Gemeentehuis op Lindleypad
16/12: 10:00 Geloftediens – Hardie Meyer
Kontak: Hardie Meyer 082 411 8976 / volkskanseljwh@gmail.com

Laertrek Geloftefees

Laertrek Geloftefeesterrein tussen Bethlehem en Kestell
16/12: 09:30 Vlaghysing / 10:00 Koffie en tee / 10:30 Geloftediens / 11:00 Feesrede – dr Alta Pretorius / 12:00 Middagete – bring koue vleise en slaai en kom kuier saam / Waterglybaan vir kinders
Kontak: Pieter Beneke 072 018 2663 / pieterbeneke747@gmail.com

BLOEMFONTEIN

Bergkraal Geloftefees

Bergkraal Feesterrein op Maselspoort-Verkeerdvleipad
15/12: Kamp opslaan – gratis, geen elektrisiteit nie
16/12: 10:00 Biduur / 10:30 Historiese vertelling / 11:30 Geloftediens – Danie de Bruyn / Bring & saameet
Kontak: De Wet van Zyl 083 640 8154 / dewet@fuelcollect.co.za

Bloemfontein-Suid Geloftefees

Plaas Williamstrip, 31 km op Jagersfonteinpad, draai regs na Hagesdam, Steunmekaar, 1 km draai regs na Williamstrip
16/12: 08:50 Vlaghysing / 09:00 Skriflesing & gebed / Die Stem vers 4 / Verwelkoming / Lees van Gelofte / Samesang / Geloftediens - ds Gerber Roux / Historiese oorsig – dr Jann Schlebusch / Kollekte / Samesang / Kort feesvergadering / Saamkuier – bring toebruidjies, kouevleis en koeldrank
Kontak: Dr Jann Schlebusch 072 959 3214 / jann.schlebusch@gmail.com

Dankbaar Geloftefees

APK Moedergemeente kerkgebou, Rooiwalsingel, Uitsig, Bloemfontein
Pred. 5:3: As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.
16/12: 09:00 Samesang / 09:15 Geloftediens - ds André van der Berg / Herbevestiging van Gelofte / Feesrede – Manie Earle / Afsluiting Die Stem 4de strofe
Kom ons verootmoedig ons weereens voor God Drie-enig van Wie ons geheel afhanklik is. Trek gerus tradisionele volksdrag aan / Pak gerus picknickmandjie vir saamkuier
Kontak: Abraham Landman 071 600 1990 / abrahamsa@hotmail.co.za

BLOEMHOF

Leeubos Geloftefees

Tussen Bloemhof en Wolmaransstad, net langs N12
15/12: Boeresport vir die jongspan / Skyfskiet /

AMERSFOORT

Amersfoort Gesamentlike Geloftediens

NG Amersfoort kerkgebou
16/12: 09:30 Gesamenlike Geloftediens - ds Hannes Reyneke en past FJ Els
Kontak: Pieter Jacobs 079 526 8049 / pdjacobs@vodamail.co.za

BALLITO

Hervormde Kerk Dolfynkus Geloftediens

Lyric Lounge Theatre, Centre of Design gebou, Mofattstraat
14/12: Geloftediens – ds Jan Kay
Kontak: Ds Jan Kay 083 609 7373 / jhkay10@gmail.com

BARKLY-OOS

Geloftediens

Gereformeerde Kerk Barkly-Oos kerkgebou
16/12: 09:00 Geloftediens
Kontak: Ds Adriaan Bester 060 953 1880 / adriaanbester85@gmail.com

BARKLY-WES

De Kuile Geloftefees

Plaas De Kuile tussen Barkly-Wes en Reivilo - Sedert 1917 onafgebroke
Kampreëls: Betreding van terrein op eie risiko / Kampeerders R200 per gesin, Dagbesoekers R100 per motor, Perdesport R100 per ruiter / Bring sambrele, stoele en verversings / Bring eie snoepgoed en koeldrank / Drinkwater by handpomp / Krag in die vorm van slegs ligte beskikbaar / Ongelukkig geen yskaste, haardroërs, ens. nie / 'n Woonwa kan nie “gekoppel” word nie / Gesamentlike braaigeriewe beskikbaar / Hout en kole beskikbaar, bring eie rooster / Ablusiegeriewe, bring eie toiletware / Warm water deur “donkie” / Geen alkohol en vuiltaal / Stiltetyd vanaf 23:00
12/12: Laertrek van vroeg / Aand: Gesellige gesamentlike braai of potjie / Sokkie vir oud en jonk / Vuurbalgooi
13/12: 07:30 Perdekommando / 08:00 Ontmoeting van sprekers / 08:15 Vlaghysing en opening – past Jansen Nel / 08:45 Basaar / 09:30 Feesvergadering / 10:00 Boeresport / 12:15

Geloftefeeskalender 2025



Die konsep van volk

Die konsep van volkskap en die koestering en uitbou daarvan, is inderwaarheid 'n Goddelike opdrag. Volgens die Bybel is in die huidige menslike samelewing vyf verbande vir God belangrik: Eerstens, die verhouding tussen Hom en elke mens wat Hy geskape het, welke verhouding net moontlik is deur Jesus Christus as persoonlike Verlosser te aanvaar het; tweedens, die huwelik, tussen een man en

een vrou; derdens, die gesin, bestaande uit pa, ma en kinders; vierdens, families oftewel afstamming – daarom die lang geslagsregisters in die Bybel; en, vyfdens, volk – die konsep van volk loop soos 'n goue draad deur die Bybel.

Die konsep van volk word dan ook universeel in die volkereg erken en tesame daarmee dat

volke die reg het op selfbeskikking. So bv. bepaal art. 1(2) van die VN handves: "... respect for the principle of equal rights and self-determination of peoples." "Peoples" is die Engelse vertaling van "volke", wat met hul redelike homogeniteit te onderskei is van heterogene "nasies" of "nations".

Die Afrikaner het oor die bestek van bykans

vier eeue aan die suidpunt van Afrika ontwikkel in 'n volwaardige volk met eiesoortige afkoms, geskiedenis, kultuur, taal, tradisies, Christelike oriëntasie, toekomsaspirasies en vryheidstrewes. Die Afrikanervolk, ook bekend as die Boerevolk, is dus 'n volk in eie reg en beskik as sulks in alle opsigte oor die reg op selfbeskikking.

Gesellige samekoms
16/12: 08:00 Lees van Gelofte / Die Stem / Feesrede – Sam de Klerk / Geloftefees / Feesete
Kontak: MC de Lange 072 255 3729 / andriaeybers@gmail.com

BOKNESSTRAND

Boknes Geloftefees
Daniël Scheeperssaal, Boknes
16/12: 09:00 Gelofteherdenking – Sars Pretorius / Gemmerbier en koeksisters
Kontak: Jan Smit 082 444 3434 / info@boknesratepayers.co.za

BOSHOF

Boshof Geloftefees
NG Boshof Kerkzaal
16/12: 10:00 Geloftefees / Bring en braai in kerktuin
Kontak: Broer de Waal 082 515 2582 / ngkerkboshof@gmail.com

BOTHAVILLE

Bothaville Geloftefees
NG Bothaville Moedergemeente kerkgebou
16/12: 09:00 Geloftefees – ds Dylan Allen / Tee en verversings
Kontak: Dalene Brink 073 195 1540 / dalenebrink0@gmail.com

Bothaville Gemeenskapkerk Geloftefees

Van Zylstraat 24, Bothaville
16/12: 09:00 Geloftefees - past Fires van Vuuren / Tee en koffie
Kontak: Past Fires van Vuuren 082 294 9893 / firesvanvuuren@absamail.co.za

Loskuil Geloftefees

Loskuil Laerskoolsaal, Bothaville-
Odendaalsruspad
16/12: 09:00 Geloftefees – ds Nardus Buys / 11:30 Gratis ete (bring eie eetgerei en drinkgoed)
Kontak: Lamon Vermaak 083 351 4510 / lamonvermaak@yahoo.com

BRITS

Brits Geloftefees
Brits Dienssentrum
16/12: 09:00 Geloftefees - ds Japie Malan / Feesrede – Leon Fourie / Tee en koekies
Kontak: Chris van Wyk 074 888 4423 / chrismarieta1@gmail.com

Bokfontein Geloftefees

Bokfontein Geloftefeesterrein, op R104 – volg borde
(Die perseel waar die Ras-kanon in Februarie 1881 vervaardig is)
16/12: 09:00 Geloftefees - ds Lune Dorfling / Feesrede – Bennie van Zyl / Kinderboeresport / Gesamentlike braai en saamkuier
Kontak: Wannie Scribante 083 442 5414 / wanniehan@gmail.com

Evangelies Gereformeerde Geloftefees

Evangelies Gereformeerde Kerk Brits, kerkgebou, h/v Murray- & Exnerstraat
16/12: 08:00 Geloftefees - ds Jakes Jacobs
Kontak: Ds Jakes Jacobs 083 789 5388 / dsjakesjacobs@gmail.com

BRONKHORSTSPRUIT

Bronkhorstspuit Geloftefees
NG Nooitgedacht kerkzaal
16/12: 08:00 Samesang volksliedjies – Pieter Rorke & orkes / 09:00 Verwelkoming en open met gebed / Verkiesing / Kollekte / Lief & leed / 09:25 Feesrede – Christo Petorius / 10:00 Geloftefees / Bevestiging van Gelofte / Die Stem / Verversings
Kontak: Zandria Venter 082 492 3970 / bronkhorstspuitgeloftefees@gmail.com

Welverdiend Voortrekkervereniging

Geloftefees
Wachtenbietjieskop Feesterrein, 7 km buite Bronkhorstspuit op Groblersdaldpad
16/12: 09:00 Vlaghysing / Kanonskoot / Sing van Die Stem / Lees van Gelofte / Verwelkoming - Callie Geldenhuys / Geloftefees – dr Hendrik Breytenbach / Kollekte / Koffie en tee / Feesrede – Albertus Breytenbach / AJV / Afsluiting / Braai en saamkuier - bring eetgerei en drinkgoed, kos word voorsien
Kontak: Callie Geldenhuys 083 391 1652 / callie@natroadcarriers.co.za

BULTFONTEIN

Tierfontein Geloftefees
Tierfontein Geloftefeesterrein, 33 km vanaf Bultfontein op die R719 na Wesselsbron
16/12: 09:00 Geloftefees / 12:00 Bring & braai - vure, braaiers en bykosse word voorsien, bring eie kampstoel / Pret vir kinders met boeresport en watergat
Kontak: Ikus le Roux 072 556 1564 / ikusenkarrien@gmail.com

BURGERSFORT

Watervalsrivier Geloftefees
Watervalsrivier Geloftefeesterrein
12/12: 09:00 Laertrek / 18:00 Kampeerdere saam braai
13/12: 14:30 Boeresport / Gesamentlike potjiekos / 19:00 Konsert / Saamkuier
14/12: 07:00 Erediens – ds Riaan Botha / 10:00 Waterval besoek / 18:00 Afrikaanse flied
15/12: 09:00 4x4 op die berg
16/12: 04:00 Saluutskote / 09:00 Geloftefees – ds Johan Koen / Tee en koffie / 11:00 AJV / 13:00 Gesamentlike ete onder die boom (alle feesgangers welkom)
Kontak: Ruan Potgieter 082 339 4406 / ruan@dirishana.co.za

CARLETONVILLE

Carletonville Geloftefees

Voortrekkerterrein, h/v Kaslin- en Uralitestraat, Carletonville
16/12: 09:00 Geloftefees – ds Herman Meyer / Feesrede – ds Pieter Steyn
Kontak: Wikus du Plooy 082 589 7454 / wikusduplooy@gmail.com

CENTURION

Centurion Geloftefees
Gereformeerde Kerk Centurion, kerkgebou, Basdenlaan, Lyttelton Manor
16/12: 09:00 Geloftefees – ds Elmien Shaw / Feesrede – dr Hennie Botes/ Tee en koekies
Kontak: Paul Retief 082 562 9845 / sjp.retiief@gmail.com

CHRISTIANA

APK Christiana Geloftefees
APK kerkgebou
16/12 09:30 Geloftefees
Kontak: Jomarie Vorster 072 148 5672 / apkcta@gmail.com

CLANWILLIAM

Seekoevlei Geloftefees
Seekoevlei Geloftefeesterrein, 15 km vanaf Clanwilliam op Graafwaterpad
Sedert 1938 – bedien Citrusdal, Clanwilliam, Graafwater, Leipoldville, Elandsbaai, Redelinghuys en omstreke
16/12: 09:15 Gesellige samesyn / Koffie, tee & koeldrank / Voltooi bywoningsboeke / 09:30 Samesang en verwelkoming / 09:45 Feesrede – Frik Wentzel / 10:25 AJV / 10:45 Verversings / 11:30 Geloftefees – ds Rudi Janse van Vuuren / 12:15 Afsluiting van Gelofte / 12:25 Kollekte / 12:30 Ligte middagete word voorsien
Kontak: Ernst Smit 076 908 0586 / earnhopi@gmail.com

CLOCOLAN

Clocolan Geloftefees
Clocolan Skougronde
16/12: 08:30 Kranslegging by Clocolan Begraafplaas / 09:30 Geloftefees – ds Rudi van Zyl / Feesrede – prof Das Steyn / Gratis ete – bring eie eetgerei
Kontak: Thian Heyns 083 985 9917 / tjtheyns@gmail.com

COLIGNY

Doornbult Geloftefees
Gerdau Boeresaal
16/12: 09:30 Verwelkoming, mosies en samesang / 09:45 Lees van Gelofte / 10:00 Historiese oorsig / 11:00 Geloftefees – ds Rudolph Momberg / Pouse / Kollekte / Verkiesing en finansiële verslag / 12:00 Die Stem
Kontak: John Rankin 082 700 8106 / rankinjohn@me.com

Leeuwfontein Geloftefees

Leeuwfontein Geloftefeesterrein

16/12: 09:30 Verwelkoming en een minuut stilte – ons onthou / 09:35 Samesang volksliedjies / 10:00 Geloftefees - ds Gert Beukes / 11:00 Kollekte / Verversings / Feesrede – Hansie Theart / Lees van Gelofte / Feesverslag en bedankings / Afsluiting met sing van Die Stem / 13:30 Samesyn en gratis ete - bring eie eetgerei, drinkgoed en stoele
Kontak: Gerald Christie 082 645 6666 / christies@nwisp.co.za

CULLINAN

Cullinan Geloftefees
TLU Saal, 4 km vanaf Fourways na Ekangala R513
16/12: 09:00 Opening en voorsang / 09:20 Kultuurprogram / 10:00 Geloftefees / Die Stem / Bedankings / Verversings
Kontak: Edmund du Plessis 072 921 5164 / geloftefeescullinan@gmail.com

DELAREYVILLE

Corsica Geloftefees
Corsica Geloftefeesterrein, op Vryburgpad
15/12: Perdepretrit / Boeresport / Saamkuier
16/12: Perdekommendo / 09:00 Geloftefees – ds Jacques Powell / Teetyd / Vingerete
Kontak: Trix Brummer 073 009 6941 / trix.brummer78@gmail.com

DENDRON

Driedoornhoek Geloftefees
Legkraal
15/12: 15:30 Boeresport / 16:30 Vure word aangesteek / 18:00 Aandete / 19:00 Konsert / 20:30 Boekvat (Bring eie vleis, eetgerei en kampstoele)
16/12: 09:00 Vlaghysing / 09:20 Geloftefees – ds Flip Snyders / Koffie, tee en verversings (bring versnaperinge saam) / Feesrede – Johan Koekemoer / AJV / 12:00 Middagete (elke gesin bring vleisgereg, slaai/groentegereg en nagereg) / 13:00 Opruim
Kontak: Pieter-Willie Becker 082 467 8670 / becker@beckerinc.co.za

DOUGLAS

Die Gelofte
Plek: Steyn Safaris, 20 km vanaf Douglas op R357 na Kimberley
16/12: 08:30 Perdekommendo en vlaghysing / 09:15 Kranslegging en huldeblyk – Hester Steyn / Opening en verwelkoming / Geskiedenisvertelling – Tonie du Bruyn / 11:45 Feesrede – Hansie du Bruyn (oor Patriotisme) / 12:15 Geestelike Woord en afsluiting van Gelofte – Jaap Botma / Afsluiting met Die Stem / 13:15 Saamkuier (bring en eet)
Kontak: Alexander Steyn 083 702 0418 / steynsafaris@douglas.co.za

DULLSTROOM

Dullstroom Geloftefees

GELOFTEDAG WÊRELDWYE OPNAME



STUUR 'N
WHATSAPP:
GELOFTE, JOU NAAM & DORP
NA 071 437 9361

WAAR GEDENK
JÝ DIE
gelofte?





Geloftefeeskalender 2025

Diverse opmerkings

NG Dullstroom kerkgebou
16/12: 09:00 Gesamentlike Geloftediens / Gesellige tee, koffie en verversings
Kontak: Paul Pieterse 083 545 4787 / johannapieterse01@gmail.com

The Outpost Geloftefees

16/12: 08:00 Perderit vanaf Dullstroom na The Outpost / 11:30 Geloftediens en lofprysing – Ilan van Staden, te The Outpost / 12:30 Bring & braai, Boeresport en saamkuier
Kontak: Hessie Phyfer 061 120 2702 / hessie@outpostopleiding.co.za

DUNDEE

Bloedrivier Geloftefees

Bloedrivier Erfenisterrein, R33 tussen Dundee en Vryheid
Kampeergeiewe: Tarief - Volwassenes R80 per nag, studente en kinders R30 per nag, voorskoolse kinders gratis
14/12 18:00 Afvuur van kanon in laer / 19:00 Historiese film in saal
15/12 07:30 Perdekommando vertrek vanaf De Jagersdrift / 10:30 Vlaghysing / 11:00 Boeresport / 13:00 Middagete / 14:00 Volkspoele / 16:00 Perdesport / 19:00 Lanternloop en Gelofte aflê / 20:00 Boere-sokkie
16/12: 06:00 Biduur in wa-laer – Francois Schutte / 08:30 Voorsang in saal / 09:00 Geloftediens – ds Bennie Marais / 10:30 Perdekommando en vlagvoorstelling / Kranslegging / Gelofte aflegging / Kanondemonstrasie / Saamkuier
Kontak: Judean Jansen van Vuuren 065 549 6681 / judean@kultuurtuiste.org.za

DURBAN

Durban Geloftediens 1

Hervormde Kerk, Durban-Suid, Beaconweg 137, Grosvenor, Bluff
14/12: 08:00 Geloftediens
Kontak: Daphné Taljaard 082 879 9957 / tabitubi9@gmail.com

Durban Geloftediens 2

APK Groter Durban kerkgebou, Titrenweg 240, Sarnia (Ingang na parkeerarea in Marnevaleweg, eerste pypsteelerf na links)
16/12: 09:00 Geloftediens
Kontak: Elsabé Roodt 082 444 0860 / groterdurban@apk.co.za

DWAALBOOM

Kayaseput Geloftefees

Kayaseput Feesterrein, Derdepoort
15/12: 17:00 Kamp opslaan / Saamkuier / Skattejag vir kinders / Potjiekos
16/12: 10:00 Verwelkoming / Vlaghysing / Lees van Gelofte / Geloftediens / Feesrede / AJV / Saamkuier en -eet
Kontak: Riaan Cilliers 073 913 8887 / riaan@cilliers.co.za

ELLISRAS

Canterbury Geloftefees

Canterbury Feesterrein, plaas Somerset-Noord
16/12: 09:00 Geloftediens – ds Thinus Benade / Feesrede – Werner Human / Middagete – Skaapspitbraai en waatlemoen - bring eie eetgerei, drinkgoed en stoele
Kontak: Pieter Lamprecht 082 372 0598 / cruisersafaris@icloud.com

Ellisras Geloftefees

Hardekool Akademie vir CVO, Rietspruit hoewe 10
16/12: 09:30 Voorsang / 10:00 Geloftediens - ds Arno Nieuwhof / 11:00 Feesrede – Herman McAlpine
Kontak: Marilette Nel 082 941 8176 / nelwm1@gmail.com

Marken Geloftediens

Marken Boeresaal
16/12: 08:30 Geloftediens - ds Thinus du Plessis / Bring bordjie soet en/of sout eetgoed
Kontak: CF Ackermann 083 677 4681 / cjackermann@gmail.com

Sarah Belle Geloftefees

Plaas Sarah Belle
16/12: 09:00 Geloftediens - ds H Hoephner / 10:15 Vlaghysing / Samesang / 10:45 Vergadering / 11:00 Feesrede – ds H Hoephner / Geloftebevestiging / Bedankings / Afsluiting / Middagete – bring eie stoele en eetgerei
Kontak: Jaco Pretorius 082 787 1124 / sunette@beckerboerdery.co.za

Steenbokpan Geloftefees

Steenbokpan Boeresaal

Wat betref die samestelling van die Geloftefeeskalender vanjaar dien die volgende diverse opmerkings gemaak te word:

- Feitlik al die Geloftefeeste en -dienste gelys in die 2024 Geloftekalender word vanjaar weer gehou, wat bestendigheid en toegewydheid toon. Daar is enkele feeste met wie geen kontak, ondanks volgehoue verskillende pogings, bewerkstellig kon word nie, terwyl 'n handvol nuwe feeste en dienste bygekom het. Slegs bevestigde feeste en dienste is vanjaar, soos tevore, gelys. Die netto resultaat is dat waar verlede jaar 223 Gelofteherdenkings gelys is, is daar in die uitgawe vanjaar 219.
- Die samestelling en verspreiding van die Geloftefeeskalender is 'n omvattende projek wat wye skakeling en inligtingsversameling vereis en wat dan professioneel in bruikbare en grafies-aantreklike formaat gegiet moet word. Vir maklike leesbaarheid is die inligting in die Kalender grootliks gestandaardiseer, terwyl alle dorpe en stede in Suid-Afrika waar Geloftefeeste en -dienste gehou word, in die Kalender in een lys alfabeties gerangskik is. Geloftefeeste en -dienste in die buiteland is daarby in 'n eie afdeling bygevoeg.
- Opvallend is dat by Geloftefeeste jonger manne na vore tree om leiding te gee en as voorsitters en

bestuurslede te dien. Nie dat vroue agterweê bly nie – in gevalle is dit ook jonger vroue wat die pas aangee. Dit is dus bemoedigend dat die jeug eienaarskap neem.

- Die elektroniese media word al meer ingespan om die boodskap van die Gelofte van Bloedrivier wyd uit te dra. Benewens die webwerf www.geloftefeeskalender.co.za, tallose Facebookblaaië, 'n sentrale Wapp-groep, tallose Wapp-groepe van die verskillende Geloftegeleenthede, is daar van die Afrikaner-diaspora in die buiteland wat in toenemende mate van Zoom- of Teams-byeenkomste gebruik maak. Die elektroniese media in soveel vorme bied inderdaad enorme potensiaal om die Gelofteboodskap uit te dra.
- Waar deesdae geskikte leraars en sprekers vir Geloftefeeste as beperkte keuse ervaar word, is daar veral op YouTube goeie videos oor die Gelofte en oor die Slag van Bloedrivier beskikbaar, wat met groot vrug by 'n Geloftefees op groot skerm vertoon kan word, dalk i.p.v. 'n spreker. In hierdie verband kan o.a. met onderskeidelik Boermedia en Rudie Rousseau geskakel word.
- In 'n poging om die organisering en struktuur van Geloftefeeste te versterk, het DitsemBlits vanjaar aan organiseerders van Gelofteherdenkings voorgestelde riglyne gestuur vir onderskeidelik

grondwette vir Geloftekomitees of -verenigings, sprekers en meer vaartbelynde programkleding. Meer besonderhede by 082 773 2150.

- 'n Onontginde aspek rakende die Gelofte van Bloedrivier bly die betrokkenheid van meer van die sowat 2 miljoen Afrikaner-diaspora op feitlik elke plek in die buiteland. Terwyl enkele herdenkings van hulle in die Geloftefeeskalender opgeneem is, het verskeie uitreikings na die diaspora vanjaar, selfs op netwerkbasis, geen resultate opgelewer nie. Intussen word uitreik voortgesit en word ook vasgehou aan die volgende belofte in die Woord: *Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af. Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af, elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer; wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het.* (Jes. 43: 5-7)
- Terwyl alles in die vermoë gedoen is om te verseker alle inligting in hierdie Geloftefeeskalender is waar en korrek, word versoek dat waar gesien word Geloftefeeste of -dienste is nie gelys nie, of dat inligting dalk foutief is of ontbreek, verwittig asb. onmiddellik by gelofte@ditsem.net of 082 773 2150.

16/12: 10:00 Geloftediens – ds Christiaan Jooste / Feesrede – ds Christiaan Jooste / Middagete – word voorsien, bring eie eetgerei en stoele
Kontak: Henna Kuhn 082 650 5873 / henna.kuhn@gmail.com

Stockpoort Geloftefees

Stockpoort Lodge – naby Botswanaagrens
16/12: 10:00 Geloftediens – ds Thys Fourie / 11:00 Feesrede – Ignatius Erasmus / 12:00 Gratis middagete – bring eie eetgerei
Kontak: Ilze Erasmus 079 585 8682 / stockpoortond@gmail.com

Tom Burke Geloftefees

Tom Burke Boeresaal
16/12: 09:00 Geloftediens / Vingerete
Kontak: Annamarië van Deventer 073 938 6829 / annamarië.vdventer@outlook.com

Weidhoek Geloftefees

Elmeston Feesterrein
16/12: 09:00 Geloftediens / Kollekte / Spitbraai met bykosse, bring eetgerei en kampstoele
Kontak: Werner Koekemoer 078 407 2773 / aolivier@xpress.co.za

ERMELO

Holland Geloftefees

Plaas Holland, op Amersfoortpad
16/12: 08:30 Publiek arriveer / 09:00 Koffie & tee en Perdekommando / 10:00 Feesrede – Tinus de Jager / 10:30 Geloftediens / 12:00 Terugvoer aan publiek en komiteeverkieëing / 12:15 Kinderpret en springkasteel / 13:00 Middagete - word voorsien, bring eie eetgerei en stoele / 14:00 Boeresport en kuier
Kontak: Wikus Botha 078 120 3632 / bothabroers2@gmail.com

Smitsfield Geloftefees

Smitsfield Geloftefeesterrein (101 jaar)
15/12: 15:00 Aankoms / 15:30 Boeresport / 17:45 Biduur en tafelgebed / 18:00 Aandete / 19:00 Eeufeesboekbekendstelling / 19:30 Plaaslike talentkonsert
16/12: 09:00 Voorbereiding / 10:00 Geloftediens – ds Dif Ehlers / 10:45 Vlagseremonie / 11:00 Feesrede – Lizanne Dippenaar / 12:00 Eeufeesboek / 12:15 Bedankings en prysuitdeling / 12:30 Gesamentlike ete (bring eie kos en

drinkgoed)
Kontak: Sonja Kirk 083 304 7006 / admin@mp-agri.co.za

FRANKFORT

Van Rheenskop Geloftefees

Tussen Frankfort en Oranjevillie
16/12: 09:00 Opening en verwelkoming / 09:30 Geloftediens – ds James Laydon / Gesellige verkeer / 12:00 Braai – vleis en bykosse word voorsien, bring eetgerei
Kontak: SW Graaff 082 335 3103 / swgraaff@gmail.com

GARIES

Groenrivier Geloftefees

30 km vanaf Garies, op Groenrivierpad
16/12: 08:30 Optog na monument / Voorlesing van gedigte / Herhaling van Gelofte / Samesang / Geweerskote / Terug na saal vir Geloftediens – past Johan Engelbrecht / Uitstalling van oudhede / Mini-basaar
Kontak: Hestellé Visser 072 136 4453 / hestelle21@gmail.com

GEORGE

George Geloftediens

Gereformeerde Kerk George kerkgebou, Tweedestraat 27, George-Oos
16/12: 09:00 Geloftediens - ds Johannes de Bruyn (ook op <http://youtube.com/@georgegkstreams>)
Kontak: Ds Johannes de Bruyn 084 554 9973 / johannes.j.debruyne@gmail.com

GLENTANA

Glentana-Outeniqua Geloftediens

NG Kerk Sinksabrug kerkgebou, Glentana
16/12: 09:30 Geloftediens
Kontak: Merinda Duvenage 083 452 6526 / ngouteniqua@gmail.com

GREYLINGSTAD

Wilgefontein Geloftefees

NG Wilgefontein kerksaal
16/12: 09:30 Voorsang / 10:00 Geloftediens – dr Pieter Heystek / 10:45 Feesrede – Zieg van Huyssteen / 11:50 Komiteevergadering / 12:10 Afsluiting / Ligte verversings / Boeresport vir die kinders
Kontak: Stoffel Grobler 082 452 2587 / bcrnje8@gmail.com

GROBLERSHOOP

Grootrivier Geloftefees

Slypsteen Gasteplaas, op Upingtonpad
16/12: 10:00 Geloftediens – ds Jannie Bisschoff / Feesrede – Wynand du Toit / Kollekte / Steakete @ R40 pp
Kontak: Wollie Burger 083 303 7762 / wollieburrer@lantic.net

GROBLERSDAL

Grobldersdal Geloftefees

DLU Saal
16/12: 09:00 Geskiedenisvertelling / Geloftediens / Ligte verversings
Kontak: André de Beer 078 161 1967 / andre12@lantic.net

GROOT MARICO

Groot Marico Geloftediens

Hervormde Kerk Groot Marico
16/12: 08:00 Gesamentlike Geloftediens – ds

Nuus wat saakmaak vir die Boerevolk!



ditsemblits
Weeklikse elektroniese nuusbrieff van
ditsem nuus

Inteken
pakket:
Slegs R420 vir
12 x maande

Elektroniese nuusbrieff
elke weeksdag

- Nuushoof trekke
- Nuuskommentaar op Vrydae

web@ditsem.net
082 773 2150

Geloftefeeskaler2025

Willem Dreyer / Feesrede – Naudé Pienaar / Hernuwing van Gelofte / Klipstapeling by monument
Kontak: Ria Pretorius 082 944 0210 / nmepret1206@gmail.com

Oberholzerskloof Geloftefees
Oberholzerskloof S 25° 44'33 O 26° 20'51
16/12: 09:30 Koffie en tee / Potgieter vlaghysing by gedenksteen / Opening en verwelkoming / Geloftediens - ds Elize Nel / Kollekte / Pouse - vrugtesap / Feesrede – Gerrie van der Merwe / Sing van Die Stem en gewyde volksliedere / Verkiesing van feeskomitee / Bedankings / Eet en saamkuier - pap, sous en vleis word voorsien
Kontak: Irene Groenewald 079 353 1748 / irene.maricobr.co.za

HARRISMITH
Bo-Cornelisrivier Geloftefees
Willem Odendaal Feesterrein op plaas Groenfontein, Harrismith-Verkykerskoppad
12/12: Laertrek / 19:00 Besigheidsvergadering (Slegs huisouers) / 20:00 Jeug kenmekaar
13/12: 07:00 Godsdien en Gelofte / 09:00 Vertrek van Perdekommando / 10:00 Ontmoet spreker en leraar / 11:30 Perdekaskenades / 15:00 Waatlemoenfees / Jukskei / 19:30 Onvoorbereide toesprake
14/12: 09:00 Erediens en Gelofte – past Charl Kalamer / 11:00 Voordragte / 15:00 Georganiseerde speletjies / 16:00 Jukskei / 19:00 Storietyd
15/12: 07:00 Godsdien en Gelofte / 10:00 Basaar / Basaarveiling / 13:00 Basaarete / 15:00 Jukskei / 19:00 Gesinsprogram en Kampvuur
16/12: 09:00 Geloftediens – Franna Benade / 11:00 / Klipstapeling en hernuwing van Gelofte / 11:00 Feesrede – Franna Benade / 14:00 Jukskei finaal / 18:00 Bring en braai
17/12: 06:00 Afsluiting en kampafslaan
Kontak: Karien Odendaal 083 659 9298 / karienodendaal2@gmail.com

Retieffklip Geloftefees
Retieffklip Feesterrein – Harrismith-Bethlehempad 4,7 km, links met R74 Bergville-Phuthaditjhaba-pad 8,4 km, links met Retieffklippad
Voor die Voortrekkers o.l.v. Piet Retief in 1837 vir die eerste keer Natal binnegetrek het, het hulle hier tydelik uitgespan en het eerw Erasmus Smit die gebied Kerkenberg genoem, omdat dit hom aan 'n kerk of plek van aanbidding herinner het.
12/12: Laertrek / 19:00 Aandgodsdien / Bevestiging van Gelofte / Voorstelling van kampeerdere / Teedrink - Van Reenen / Jeugspeletjies en saamkuier
13/12: 07:00 Biduur te Lombard-kamp / 09:30 Boeresport en waatlemoenfees / 15:00 Kampvuur pak / 16:00 Besigheidsvergadering / 19:00 Aandgodsdien en Geloofsverklaring – Koöperasie-kamp / Skyfievertoning en Kerkenberg-geskiedenis / Teedrink en kampvuur / Jeugspeletjies en saamkuier
14/12: 10:00 Erediens en kinderkerk – ds Hendry Williams / 15:00 Kaalvoetvrou besoek / 19:00 Aandgodsdien en Geloofsverklaring / Talentkompetisie / Verskeidenheidskonsert / Rondomtalie / Teedrink / Jeugspeletjies en saamkuier
15/12: Biduur by Retieffklip / 10:00 Letters / 15:30 Bergwedloop en jukskei / 19:00 Aandgodsdien en Geloofsverklaring - Fourie Rood-kamp / Volkspeler / Teedrink – Die Plaas-kamp / Jeugspeletjies en saamkuier
16/12: 10:00 Geloftediens en kinderkerk – ds Hendry Williams / Hernuwing van Gelofte / Klipstapeling / 12:00 Bergfees (dagbesoekers welkom) / 19:00 Aandgodsdien en Geloofsverklaring – Die Grot / Lees van joernale / Teedrink – Coetzee-kamp / Jeugspeletjies en saamkuier
17/12: 07:00 Biduur – Die Plaas-kamp / Groettyd
Kontak: Ilda Janse van Rensburg 082 779 3360 / ildajvrensburg@gmail.com

HARTBEESFONTEIN
Paardeplaats Geloftefees
16/12: 10:00 Geloftediens – ds Schalk Scott / Koffie, tee en kolwynytjies / Gratis middagete met potjiekos – bring eie eetgerei, koeldrank en kampstoele
Kontak: Wimpie Lambrecht 082 779 8326 / wimpie.lambrecht@gmail.com

HARTBEESPOORT
Hartbeespoort Geloftefees
NG Harties kerkgebou, Maraisstraat, Schoemansville, Hartbeespoort
16/12: 08:30 Voorsang / 09:00 Geloftediens - ds Ernst Vogt / Feesrede – dr Lucia van Wyk / Tee & verversings
Kontak: Ds Christo van Vuuren 083 742 1496 /

christovanvuuren@telkomsa.net
HARTENBOS
Hartenbos Geloftediens
NG Hartenbos kerkgebou
16/12: 08:00 Geloftediens – ds Johan Engelbrecht
Kontak: Ds Johan Engelbrecht 082 372 6729 / johan@ngkhartenbos.co.za

HEIDELBERG
Suikerbosrand Geloftefees
Suikerbosrand Geloftefeesterrein, 8 km buite Heidelberg op Meyertonpad
13/12: Kuier om braaivleisvure, met Boeremusiek (pap en sous word voorsien; bring eie vleis, eetgerei en stoele)
16/12: 10:15 Kanonskoot / Terugblik en herbevestiging van Gelofte / Geloftediens – ds Johan Mouton / Gratis gemmerbier, kos te koop
Kontak: Lemont Kriel 084 511 4759 / lemontk@lesedi.gov.za

HEILBRON
Vegkop Geloftefees
Vegkop Geloftefeesterrein
16/12: 08:45 Geloftediens – dr Victor d'Assonville / Feesrede – dr Victor d'Assonville / Kranslegging / Huldeblyk / Kospakkies en koeldrank te koop
Kontak: Hennie Naudé 083 269 9293 / hennien@heilbron.co.za

HENDRINA
Hendrina Geloftefees
Plaas Grasfontein buite Hendrina
13/12: Kamp opslaan / 15:00 Kinderaktiwiteite / 19:00 Gesamentlike braai (pap en sous word voorsien, bring eie eetgerei, drinkgoed en stoele) / 19:30 Kinders lanternbekruip
14/12: Saamkuier / Jukskei / 13:00 Potjiekos / 19:00 Gesamentlike braai (pap en sous word voorsien, bring res)
16/12: 08:00 Oggendbiduur / 9:30 Geloftediens – past Antonie Tollig / 10:30 Tee / 11:30 AJV / 13:00 Gesamentlike ete (bring 1 x groot bord vleis, 1 x slaai en 1 blik vrugte en vla)
17/12: Kamp afslaan
Kontak: Alda du Toit 074 156 3535 / alda.dutoit@yahoo.com

Olifantsrivier-Oos Geloftefees
Olifantsrivier-Oos Geloftefeesterrein – langs Arnot-kragstasie
16/12: 10:00 Geloftediens – ds Theuns de Bruyn / Feesrede – Jas Hansen
Kontak: Neels Kruger 072 342 4589 / driepanboerdery@gmail.com

HENNENMAN
Samekoms Geloftefees
16/12: 09:45 Geloftediens en Feesrede – Johan van Huyssteen / 10:45 Koek en tee / AJV / 12:30 Skaapspitbraai en stokbrood / 13:30 Talentkompetisie / 15:00 Boeresport / 15:30 Toutrek / 21:30 “Bonfire”
Kontak: Anke Prinsloo 076 861 9942 / ankeprinsloo11@gmail.com

HERMANUS
Hermanus Geloftefees
Bartho Eksteen Wynlandgoed, Hemel en Aarde Vallei
16/12: 09:00 Geloftediens – past Matt Smit / Gelofte in Afrikaans en Hollands / Feesrede / Vertelling oor Franse Hugenote / Saamkuier by Mana Restaurant
Kontak: Johan Pretorius 082 469 0614 / ppo@hermanus.co.za

Overberg Geloftefees
Vrede plaas
Op R320 Hemel-en-Aardepad tussen Caledon en Hermanus, oorkant Plaaskombuis
Koördinate 34.22°47.5”S19.14°17.7
16/12: 10:00 Verwelkoming, gebed en samesang / Voorlees van Gelofte / 10:00 Geloftediens – ds Theunis van der Westhuizen / Die Stem / Geskiedkundige vertelling / Bring en braai / 12:00 Boeresport / Boeremusiek-orkes (bring eetgoed, eetgerei en kampstoele, asook swemklere vir swem in dam)
Kontak: Anschen Duplessis 079 564 0557 / anschendup@gmail.com

HLUHLUWE
Hluhluwe Geloftediens
Hluhluwe Privaatskool, 15 km uit Hluhluwe op Sordwanapad
16/12: 09:00 Geloftediens – ds Jaques Boonzaier
Kontak: Ds Jacques Boonzaier 064 532 1317 / jaques.boonzaier@apk.co.za

HOBHOUSE
Hobhouse Geloftefees
NG Hobhouse kerkgebou
16/12: 09:00 Geloftediens / Vertelling vir kinders / Gratis verversings
Kontak: Meiring van der Merwe 082 770 5322 / ddvandermerwe@yahoo.com
HOEDSPRUIT
Blyderivier Geloftefees
16/12: 07:00 Perdekommando en vlagbekendstelling / 07:30 Vlaghysing / Lees van Gelofte / Geweerskote / 07:45 Geloftediens en Feesrede – ds Joubert Ferreira / Musiek – Hennie Coetzee / 09:00 Voortrekkeruitstalling – Carel Bruwer
Kontak: Sieg du Preez 082 969 0558 / siegdup@gmail.com

Hoedspruit Geloftefees
NG Kerk Hoedspruit, Van Rensburgsaal
16/12: 09:00 Geloftediens - ds Pieter van Zyl / Feesrede – Magnus Steyn / Verversings
Kontak: Mellanie Wright 084 767 4608 / mellaniewright57@gmail.com

JAN KEMPDORP
Jan Kempdorp Volkskansel Geloftediens
CVO Skool Jan Kempdorp
16/12: 10:00 Geloftediens – Ev Lou Pretorius
Kontak: Ev Lou Pretorius 082 873 6057/ volkskanseljwh@gmail.com

JEFFREYSBAAI
APK Geloftediens
APK kerkgebou, h/v Koraal- en Dolly Vaardenstraat
16/12: 09:00 Geloftediens
Kontak: Miggie van der Linde 061 587 5790 / miggie.progroup@gmail.com

KAAPSTAD
EGK Helderberg Geloftediens
EG Kerk kerkgebou, Faganstraat 4, Unit 2A, Toni's Centre, Somerset-Wes
16/12: 08:00 Geloftediens – ds Andrew Bruyns / Koffie, tee en verversings
Kontak: Ds Andrew Bruyns 081 364 4912 / andrewbruyns01@gmail.com

KAREEDOUW
Kareedouw Geloftefees
APK kerkterrein, op R62 net buite Kareedouw-Joubertinapad
16/12: 09:30 – 10:10 Geloftediens - ds Gerrie Kruger / 09:20 – 09:50 Feesrede / Voorlees van Gelofte / Bring & braai saamkuier (bykosse en hout word voorsien)
Kontak: Ds Gerrie Kruger 084 252 1114 / gerrie.kruger@apk.co.za

KEMPTONPARK
APK Kempton Park Geloftediens
Rietfonteinweg 6, Glen Marais, Kemptonpark
16/12: 08:00 Koffie en beskuit / 09:15 Samesang / 09:30 Geloftediens en lees van Gelofte / Feesrede / 11:00 Saamkuier en verversings
Kontak: Mari Brits 081 452 2980 / kemptonpark@apk.co.za

Kemptonpark Geloftediens
